H. D. DAVIDS, Vice-Chairman.

G. W. BARNES, Secretary.

No. R. 1356

22 June 1979

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956**BUILDING INDUSTRY, KIMBERLEY.—AMENDMENT OF AGREEMENT FOR THE ELECTRICAL INSTALLATION SECTION**

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Building Industry, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 October 1979, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clauses 1 (1) (a), 4 and 5, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 October 1979, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the area specified in clause 1 (1) (b) of the Amending Agreement; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the area specified in clause 1 (1) (b) of the Amending Agreement and with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 October 1979, the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clauses 1 (1) (a), 4 and 5, shall *mutatis mutandis* be binding upon all Blacks employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of Blacks in their employ.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

SCHEDULE**INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE BUILDING INDUSTRY, KIMBERLEY****AGREEMENT**

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the Kimberley Master Builders' and Allied Trades Association (hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

Electrical and Allied Trades Union of South Africa (hereinafter referred to as the "employees" or the "trade union"), of the other part,

7. KLOUSULE 33.—WERWINGS- EN OPLEIDINGS-FONDS VAN DIE BOUNYWERHEID

Vervang subklausule (2) deur die volgende:

"(2) Behoudens subklausules (3) en (4), moet elke werk-gewer aan die Raad 'n bedrag van 50c per week bydra ten opsigte van elkeen van sy werknemers."

Namens die Nywerheidsraad vir die Bounywerheid, Kimberley, op hede die 17de dag van April 1979 onderteken.

G. H. ROWLES, Voorsitter.

H. D. DAVIDS, Ondervoorsitter.

G. W. BARNES, Sekretaris.

No. R. 1356

22 Junie 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956**BOUNYWERHEID, KIMBERLEY.—WYSIGING VAN OOREENKOMS VIR DIE ELEKTRIESE INSTALLERINGSEKSIE**

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Bounywerheid betrekking het, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Oktober 1979 eindig, bindend is vir die werkgewers-organisasie en die vakvereniging wat die Wysigings-ooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of vereniging is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousules 1 (1) (a), 4 en 5, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Oktober 1979 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die gebied gespesifiseer in klousule 1 (1) (b) van die Wysigingsooreenkoms; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousules 1 (1) (a), 4 en 5, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Oktober 1979 eindig, in die gebied gespesifiseer in klousule 1 (1) (b) van die Wysigings-ooreenkoms *mutatis mutandis* bindend is vir alle Swartes in diens in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enigeen van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Swartes in hul diens.

S. P. BOTHA, Minister van Arbeid.

BYLAE**NYWERHEIDSRAAD VIR DIE BOUNYWERHEID, KIMBERLEY****OOREENKOMS**

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Kimberley Master Builders' and Allied Trades Association (hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

Electrical and Allied Trades Union of South Africa (hierna die "werknemers" of die "vakvereniging" genoem), aan die ander kant,

being the parties to the Industrial Council for the Building Industry, Kimberley

to amend the Agreement published under Government Notice R. 1534 of 28 July 1978, as extended by Government Notice R. 707 of 30 March 1979.

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Electrical Installation Section of the Building Industry—

(a) by the employers and the employees who are members of the employers' organisation and the trade union, respectively;

(b) in an area bounded by and included in a radius of 9,65 kilometres from the General Post Office, Kimberley, but excluding those portions of the Province of the Orange Free State which fall within the said radius of 9,65 kilometres.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), the terms of this Agreement shall apply to—

(a) apprentices only in so far as they are not inconsistent with the provisions of the Apprenticeship Act, 1944, or any contract entered into or any conditions fixed thereunder;

(b) trainees under the Training of Artisans Act, 1951 (Act 38 of 1951), only in so far as they are not inconsistent with the provisions of that Act or any conditions fixed thereunder.

2. CLAUSE 4.—WAGES

(1) Substitute the following for subclauses (1) to (4):

"(1) Subject to the remaining provisions of this clause, no employer shall pay and no employee shall accept wages at a lower rate than the following:

	Per hour cents
(i) Labourers—	
with less than 12 months' service.....	45
with 12 months' service or more with the same employer.....	44
(ii) Artisans.....	188

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), an employer shall pay to each of the undermentioned classes of employees in his employ who has worked a full week of not less than 45 ordinary hours or who has been present and available to work the ordinary hours as required by his employer, a wage of not less than:

	Per hour cents
Labourers—	
with less than 12 months' service.....	46
with 12 months' service or more with the same employer.....	50:

Provided that the occurrence of a paid holiday or the commencement or termination of employment of an employee during any week shall not affect the employee's right to such higher rate for that week.

(3) *Dangerous work.*—In addition to the wage prescribed, an employer shall pay to his employee not less than 10 per cent of such wage in respect of each hour or part of an hour during which the employee is engaged in the performance of dangerous work."

3. CLAUSE 5.—ANNUAL LEAVE AND PUBLIC HOLIDAYS

In subclause (5), substitute the following for paragraphs (b) and (c):

"(b) pay weekly to employees of the undermentioned classes, the amounts as set out hereunder in respect of not more than 45 hours per week, irrespective of whether such time was worked at ordinary or overtime rates:

	Per hour cents
(i) Labourers.....	4
(ii) Artisans.....	19

(c) on each pay-day deduct the following amounts from the remuneration due to his employees of the undermentioned classes who have worked for him for not less than three

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Bounywerheid, Kimberley,

om die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermmentskennisgewing R. 1534 van 28 Julie 1978, soos verleng by Goewermmentskennisgewing R. 707 van 30 Maart 1979, te wysig.

1. TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS

(1) Hierdie Ooreenkoms moet in die Elektriese Installeringseksie van die Bounywerheid nagekom word—

(a) deur die werkgewers en die werknemers wat onderskeidelik lede van die werkgewersorganisasie en die vakvereniging is;

(b) in 'n gebied begrens deur en ingesluit binne 'n straal van 9,65 kilometer vanaf die Hoofposkantoor, Kimberley, maar uitgesonderd daardie gedeeltes van die provinsie die Oranje-Vrystaat wat binne genoemde straal van 9,65 kilometer val.

(2) Ondanks subklousule (1), is hierdie Ooreenkoms—

(a) op vakleerlinge van toepassing slegs vir sover dit nie met die Wet op Vakleerlinge, 1944, of met 'n kontrak wat daarkragtens aangegaan of met voorwaardes wat daarkragtens gestel is, onbestaanbaar is nie;

(b) op kwekelinge wat opgelei word ooreenkomstig die Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951 (Wet 38 van 1951), van toepassing slegs vir sover dit nie met daardie Wet of met voorwaardes wat daarkragtens gestel is, onbestaanbaar is nie.

2. KLOUSULE 4.—LONE

Vervang subklousules 1 tot 4 deur die volgende:

"(1) Behoudens die oorblywende bepalings van hierdie klousule, mag geen lone wat laer is as dié hieronder aangedui, deur 'n werkgewer betaal en deur 'n werknemer aangeneem word nie:

	Per uur sent
(i) Arbeiders—	
met minder as 12 maande diens.....	45
met 12 maande of meer diens by dieselfde werkgewer.....	44
(ii) Ambagsmanne.....	188

(2) Ondanks subklousule (1), moet 'n werkgewer aan elkeen van ondergenoemde klasse werknemers in sy diens wat 'n volle week van minstens 45 gewone ure gewerk het of wat aanwesig en beskikbaar was om die gewone ure te werk soos deur die werkgewer vereis, 'n loon betaal van minstens:

	Per uur sent
Arbeiders	
met minder as 12 maande diens.....	46
met 12 maande of meer diens by dieselfde werkgewer.....	50:

Met dien verstande dat waar 'n openbare vakansiedag met besoldiging of die aanvang of beëindiging van 'n werknemer se diens in 'n bepaalde week val, dit nie die werknemer se reg op so 'n hoër loon vir dié week mag raak nie.

(3) *Gevaarlike werk.*—Benewens die voorgeskrewe loon, moet 'n werkgewer aan sy werknemer minstens 10 persent van sodanige loon betaal ten opsigte van elke uur of gedeelte van 'n uur waarin sodanige werknemer gevaarlike werk verrig."

3. KLOUSULE 5.—JAARLIKSE VERLOF EN OPENBARE VAKANSIEDAE

In subklousule (5), vervang paragrawe (b) en (c) deur die volgende:

"(b) aan ondergenoemde klasse werknemers weekliks die bedrae hieronder gemeld, betaal ten opsigte van hoogstens 45 uur per week, ongeag of sodanige tyd teen gewone of oortydтарыe gewerk is:

	Per uur sent
(i) Arbeiders.....	4
(ii) Ambagsmanne.....	19

(c) op elke betaaldag die volgende bedrae aftrek van die besoldiging verskuldig aan sy werknemers van ondergenoemde klasse wat gedurende daardie week minstens drie dae vir hom gewerk het: Met dien verstande dat indien 'n werknemer gedu-

days during that week: Provided that where an employee has worked for two or more employers during the same week, the deduction for that week shall be made by the employer by whom he was first employed for not less than three days:

	Per week
	R
(i) Labourers.....	2,19
(ii) Artisans.....	8,71

Amounts deducted in terms of this paragraph shall be paid weekly to the Council;”

4. CLAUSE 27.—SUBSCRIPTIONS—KIMBERLEY MASTER BUILDERS AND ALLIED TRADES ASSOCIATION

Substitute the following for subclause (1):

“(1) Every employer who is a member of the employers’ organisation shall pay to the Council the amount of 4c per week per employee.”

5. Insert the following clause 27bis after clause 27:

“CLAUSE 27bis.—SUBSCRIPTIONS—BUILDING INDUSTRIES FEDERATION (S.A.)

(1) Every employer who is a member of the employers’ organisation shall pay to the Council the amount of 8c per week per employee.

(2) No payment in terms of subclause (1) shall be made in respect of an employee who has worked for less than three days with a member employer in any one week.

(3) Where an employee has worked for two or more members of the employers’ organisation during any one week the payment referred to in subclause (1) shall be made by the employer who has first employed such employee for three days or more during such week.

(4) Amounts payable in terms of this clause shall be forwarded by the employer to the Secretary not later than the Friday following the pay-week in respect of which the contributions are due.

(5) The Council shall on or before the 15th day of each month forward to the Building Industries Federation (S.A.), the total amount of contributions received in terms of this clause less a collection fee of 2½ per cent which amount shall accrue to the General Funds of the Council.”

6. CLAUSE 29.—PENSION FUND

In subclause (1), substitute the amount “R8,70” for the amount R6,00”.

7. CLAUSE 31.—BUILDING INDUSTRIES RECRUITMENT AND TRAINING FUND

Substitute the following for subclause (2):

“(2) Subject to the provisions of subclauses (3) and (4) every employer shall pay to the Council an amount of 50c per week in respect of each of his employees.”

Signed on behalf of the Industrial Council for the Building Industry, Kimberley—Electrical Installation Section—this 17th day of April 1979.

G. H. ROWLES, Chairman.

H. D. DAVIDS, Vice-Chairman.

G. W. BARNES, Secretary.

No. R. 1357

22 June 1979

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

BUILDING INDUSTRY, EAST LONDON.—RENEWAL OF MAIN AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby in terms of section 48 (4) (a) (ii) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare the provisions of Government Notices R. 1648 of 15 September 1972, R. 489 of 30 March 1973, R. 1002 of 15 June 1973, R. 2475 of 28 December 1973, R. 1825 of 11 October 1974, R. 1520 of 27 August 1976, R. 753 of 6 May 1977 and R. 2229 and R. 2230 of 28 October 1977 to be effective from the date of publication of this notice and for the period ending 31 October 1979.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

rende dieselfde week vir twee of meer werkgewers gewerk het, die aftrekking vir daardie week gedoen moet word deur die werkgewer by wie hy die eerste vir minstens drie dae in diens was:

	Per week
	R
(i) Arbeiders.....	2,19
(ii) Ambagsmanne.....	8,71

Die bedrae wat ooreenkomstig hierdie paragraaf afgetrek word, moet weekliks aan die Raad betaal word;”

4. KLOUSULE 27.—LEDEGELD—KIMBERLEY MASTER BUILDERS’ AND TRADES ASSOCIATION

Vervang subklousule (1) deur die volgende:

“(1) Elke werkgewer wat lid van die werkgewersorganisasie is, moet 4c per week namens elke werknemer aan die Raad betaal.”

5. Voeg die volgende klousule 27bis in na klousule 27:

“KLOUSULE 27bis.—LEDEGELD—BUILDING INDUSTRIES FEDERATION (S.A.)

(1) Elke werkgewer wat lid van die werkgewersorganisasie is, moet 8c per week vir elke werknemer aan die Raad betaal.

(2) Geen betaling ooreenkomstig subklousule (1) moet gedoen word namens ’n werknemer wat minder as drie dae by ’n lidwerkgewer in ’n bepaalde week gewerk het nie.

(3) Waar ’n werknemer vir twee of meer lede van die werkgewersorganisasie gedurende enige bepaalde week gewerk het, moet die betaling in subklousule (1) bedoel, gedoen word deur die werkgewer wat eerste sodanige werknemer vir drie dae of langer gedurende sodanige week in sy diens gehad het.

(4) Bedrae betaalbaar kragtens hierdie klousule moet deur die werkgewer aan die Sekretaris gestuur word voor of op die Vrydag wat volg op die betaalweek ten opsigte waarvan die bydraes verskuldig is.

5. Die Raad moet voor of op die 15de dag van elke maand die totale bedrag van die bydraes wat ingevolge hierdie klousule ontvang is min invorderingsgeld van 2½ persent wat die algemene fondse van die Raad toekom, aan die Building Industries Federation (S.A.) stuur.”

6. KLOUSULE 29.—PENSIOENFONDS

In subklousule (1), vervang die bedrag “R6,00” deur die bedrag “R8,70”.

7. KLOUSULE 31.—WERWINGS- EN OPLEIDINGSFONDS VAN DIE BOUNYWERHEID

Vervang subklousule (2) deur die volgende:

“(2) Behoudens subklousules (3) en (4), moet elke werkgewer namens elke werknemer in sy diens ’n bedrag van 50c per week aan die Raad betaal.”

Namens die Nywerheidsraad vir die Bounywerheid, Kimberley—Elektriese Installeringseksie—op hede die 17de dag van April 1979 onderteken.

G. H. ROWLES, Voorsitter.

H. D. DAVIDS, Ondervoorsitter.

G. W. BARNES, Sekretaris.

No. R. 1357

22 Junie 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

BOUNYWERHEID, OOS-LONDEN.—HERNUWING VAN HOOFOOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Arbeid, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (ii) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van Goewermmentskennisgewings R. 1648 van 15 September 1972, R. 489 van 30 Maart 1973, R. 1002 van 15 Junie 1973, R. 2475 van 28 Desember 1973, R. 1825 van 11 Oktober 1974, R. 1520 van 27 Augustus 1976, R. 753 van 6 Mei 1977 en R. 2229 en R. 2230 van 28 Oktober 1977 van krag is vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Oktober 1979 eindig.

S. P. BOTHA, Minister van Arbeid.

No. R. 1358

22 June 1979

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

BUILDING INDUSTRY, DURBAN.—
AMENDMENT OF AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Building Industry, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 29 October 1981, upon the employers' organisation and the trade unions which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or unions;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clauses 1 (1) (a), 10 (3) (d), 18 (1) (b) (i), 19 (1) (g), 21 (1) (i) and 4 (b), 25 (2), 39 and 40, shall be binding, with effect from the second Monday after the date, of publication of this notice and for the period ending 29 October 1981, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the areas specified in clause 1 (1) (b) of the Amending Agreement; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the areas specified in clause 1 (1) (b) of the Amending Agreement and with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 29 October 1981, the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clauses 1 (1) (a), 10 (3) (d), 18 (1) (b) (i), 19 (1) (g), 21 (1) (i) and 4 (b), 25 (2), 39 and 40, shall *mutatis mutandis* be binding upon all Blacks employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of Blacks in their employ.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE BUILDING INDUSTRY, DURBAN

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the Master Builders' and Allied Industries Association, Durban (hereinafter referred to as the "employers" of the "employers' organisation"), of the one part, and the

Amalgamated Society of Woodworkers

Amalgamated Union of Building Trade Workers of South Africa

White Building Workers' Union

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions"), of the other part,

being parties to the Industrial Council for the Building Industry, Durban,

further to amend the Main Agreement between the said parties, published under Government Notice R. 1995 of 24 October 1975, as amended and extended by Government Notices R. 694 of 23 April 1976, R. 1893 of 15 October 1976, R. 1080 of 17 June 1977, R. 2154 of 21 October 1977, R. 987 of 19

No. R. 1358

22 Junie 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

BOUNYWERHEID, DURBAN.—WYSIGING
VAN OOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Bounywerheid betrekking het, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 29 Oktober 1981 eindig, bindend is vir die werkgewers-organisasie en die vakverenigings wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of verenigings is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousules 1 (1) (a), 10 (3) (d), 18 (1) (b) (i), 19 (1) (g), 21 (1) (i) en 4 (b), 25 (2), 39 en 40, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 29 Oktober 1981 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (1) (b) van die Wysigingsooreenkoms; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousules 1 (1) (a), 10 (3) (d), 18 (1) (b) (i), 19 (1) (g), 21 (1) (i) en 4 (b), 25 (2), 39 en 40, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 29 Oktober 1981 eindig, in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (1) (b) van die Wysigingsooreenkoms *mutatis mutandis* bindend is vir alle Swartes in diens in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enigeen van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Swartes in hul diens.

S. P. BOTHA, Minister van Arbeid.

BYLAE

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE BOUNYWERHEID
DURBAN

OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Master Builders' and Allied Industries Association, Durban (hierna die "werkgewers" of the "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

Amalgamated Society of Woodworkers

Amalgamated Union of Building Trade Workers of South Africa

Blanke Bouwerkersvakbond

(hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Bounywerheid, Durban,

om die Hoof-ooreenkoms tussen genoemde partye, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1995 van 24 Oktober 1975, soos gewysig en verleng by Goewermentskennisgewings R. 694 van 23 April 1976, R. 1893 van 15 Oktober 1976, R. 1080 van 17 Junie 1977, R. 2154 van 21 Oktober 1977, R. 987

May 1978, R. 1335 of 30 June 1978, R. 2020 and R. 2021 of 6 October 1978 and R. 2514 of 15 December 1978 and R. 778 of 12 April 1979.

1. SCOPE OF APPLICATION

(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Building Industry—

- (a) by all employers and employees who are members of the employers' organisation or any of the trade unions;
- (b) in the Magisterial Districts of Durban (excluding that portion which, prior to the publication of Government Notice 1401 of 16 August 1968, fell within the Magisterial District of Umlazi), Pinetown and Inanda.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1) (a), the terms of this Agreement shall—

- (a) apply to apprentices only in so far as they are not inconsistent with the provisions of the Apprenticeship Act, 1944, or any conditions prescribed thereunder;
- (b) apply to trainees only in so far as they are not consistent with the provisions of the Training of Artisans Act, 1951, or any conditions prescribed thereunder;
- (c) not apply to clerical employees or to employees engaged in administrative duties or to any member of an administrative staff;
- (d) apply to foremen and general foremen;

Provided that the provisions of clauses 44 (1), 47, 50 and 51 of the Main Agreement, as amended and extended, shall apply only to apprentices, trainees, and employees for whom wages are prescribed in clause 30 (1) (h) and (i).

2. In the Preamble to the Main Agreement, substitute the following for parts II, VI and VII of the "ARRANGEMENT OF AGREEMENT":

"II. Employees.

- 10. Engagement of employees and employment of minors.
- 11. Employment of building assistants, Class I.
- 12. Registration of craftsmen.
- 13. Prohibited employment.
- 14. Termination of employment."

"VI. Remuneration.

- 30. Minimum wage rates.
- 31. Differential rates of pay.
- 32. Payment for overtime.
- 33. Payment for shiftwork.
- 34. Payment for suspension of employment and inclement weather.
- 35. Payment for dangerous work.
- 36. Holiday pay—all employees.
- 37. Sick pay—craftsmen and apprentices.
- 38. Sick leave and sick pay—other employees.
- 39. Fringe benefits and stamps—craftsmen.
- 40. Fringe benefits and stamps—other employees.
- 41. Fringe benefits and stamps—apprentices.
- 42. Fringe benefits and stamps—foremen and general foremen.
- 43. Fringe benefits and stamps—labour-only contractors and working employers.
- 44. Travelling allowance, transport and travelling time.
- 45. Payment of remuneration."

"VII Site arrangements and amenities.

- 46. Refreshments.
- 47. Accommodation for meals.
- 48. Wet weather shelter.
- 49. Washing-up facilities and sanitary accommodation.
- 50. Lock-ups, and storage of tools and clothes.
- 51. Provision of tools."

3. CLAUSE 3.—DEFINITIONS

(1) Insert the following item in the definition of "building assistant, Class I":

"(24) in respect only of low-cost mass housing schemes for Non-Whites where 25 or more houses are to be erected and where each house has a total floor area not exceeding 70 m² and where such mass housing scheme is financed out of public sector funds—

- (a) laying of any walling unit;
- (b) ruling down and trowelling of plastered surfaces;
- (c) fixing of all wall tiles with paste onto plastered surfaces;
- (d) fixing of ceiling sheets to bracing;

van 19 Mei 1978, R. 1335 van 30 Junie 1978, R. 2020 en R. 2021 van 6 Oktober 1978, R. 2514 van 15 Desember 1978 en R. 778 van 12 April 1979 verder te wysig.

1. TOEPASSINGSBESTEK

(1) Hierdie Ooreenkoms moet in die Bounywerheid nagekom word—

- (a) deur alle werkgewers en werknemers wat lede van die werkgewersorganisasie of van enigeen van die vakverenigings is;
- (b) in die landdrosdistrikte Durban (uitgesonderd daardie gedeelte wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewing 1401 van 16 Augustus 1968 binne die landdrosdistrik Umlazi geval het), Pinetown en Inanda.

(2) Ondanks subklousule (1) (a), is hierdie Ooreenkoms—

- (a) op vakleerlinge van toepassing slegs vir sover dit nie met die Wet op Vakleerlinge, 1944, of met voorwaardes wat daarkragtens voorgeskryf is, onbestaanbaar is nie;
- (b) op kwekelinge van toepassing slegs vir sover dit nie met die Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951, of met voorwaardes wat daarkragtens voorgeskryf is, onbestaanbaar is nie;
- (c) nie op klerklike werknemers of op werknemers wat administratiewe pligte verrig of op 'n lid van die administratiewe personeel van toepassing nie;
- (d) op voormanne en algemene voormanne van toepassing;

Met dien verstande dat klousules 44 (1), 47, 50 en 51 van die Hoof-ooreenkoms, soos gewysig en verleng, van toepassing is slegs op vakleerlinge, kwekelinge en dié werknemers vir wie lone in klousule 30 (1) (h) en (i) voorgeskryf word.

2. In die Aanhef van die Hoof-ooreenkoms, vervang dele II, VI en VII van die "INDELING VAN OOREENKOMS" deur die volgende:

"II. Werknemers.

- 10. Indiënsneming van werknemers en minderjariges.
- 11. Indiënsneming van bou-assistente, klas I.
- 12. Registrasie van ambagsmanne.
- 13. Verbode indiënsneming.
- 14. Diensbeëindiging."

"VI. Besoldiging.

- 30. Minimum loonskale.
- 31. Differensiële loonskale.
- 32. Betaling vir oortydwerk.
- 33. Betaling vir skofwerk.
- 34. Betaling vir opskorting van diens en gure weer.
- 35. Betaling vir gevaarlike werk.
- 36. Vakansiebesoldiging—alle werknemers.
- 37. Siekebesoldiging—ambagsmanne en vakleerlinge.
- 38. Siekteverlof en siekebesoldiging—ander werknemers.
- 39. Byvoordele en seëls—ambagsmanne.
- 40. Byvoordele en seëls—ander werknemers.
- 41. Byvoordele en seëls—vakleerlinge.
- 42. Byvoordele en seëls—voormanne en algemene voormanne.

43. Byvoordele en seëls—slegs-arbeid-kontrakteurs en werkende werkgewers.

- 44. Reistoelae, vervoer en reistyd.
- 45. Betaling van besoldiging."

"VII. Terreinreëlins en -geriewe.

- 46. Verversings.
- 47. Akkommodasie vir maaltye.
- 48. Skuiling teen nat weer.
- 49. Was- en sanitêre geriewe.
- 50. Toesluitplekke en bewaring van gereedskap en klere.
- 51. Verskaffing van gereedskap."

3. KLOUSULE 3.—WOORDOMSKRYWING

(1) In die omskrywing van "bou-assistent, klas I," voeg die volgende item in:

"(24) ten opsigte slegs van goedkoop massabehuisingskemas vir Nie-Blankes waar 25 of meer huise opgerig moet word en waar elke huis 'n totale vloeroppervlakte van hoogstens 70 m² het en waar sodanige massabehuisingskema uit fondse van die publieke sektor gefinansier word—

- (a) muureenhede lê;
- (b) gepleisterde oppervlakte afmerk en met 'n troffel afwerk;
- (c) alle muurteëls met lym op 'n gepleisterde oppervlak vassit;
- (d) plafonplate aan die latwerk vassit;

(e) applying final coats of paint under the periodic supervision of a craftsman;

(f) erecting and positioning pre-assembled shutter forms, including column boxes which are put together by means of jigs, wedges or clips;".

(2) In the definition of "building assistant, Class II"—

(a) substitute the following for item (4):

"(4) in renovation work—stripping, sparkling, touching up and work preparatory to painting by a craftsman."

(b) substitute the words "textured coatings" for the word "Kenitex" in items (7) and (8).

(3) In the definition of "competent person", insert the word "or" at the end of paragraph (b) and insert the following paragraphs:

"(c) has obtained a Bachelor of Science (Building) degree at a South African University or a degree recognised by the Department of National Education of the Republic of South Africa as equivalent to such first-mentioned degree; or

(d) has obtained a diploma as a civil engineering technician or a certificate as a construction supervisor;".

(4) In the definition of "craftsman" in the description of the trade "brick-laying", insert the words "installation of pre-fabricated brick panel walls on site;" after the words "tuck-pointing;".

(5) Insert the following definition between the definitions of "emergency work" and "general foreman":

"'foreman' means an employee who—

(a) is employed in a supervisory capacity, but who may also be doing the work of a craftsman; and/or

(b) gives out work to other employees under his control and supervision; and/or

(c) maintains discipline; and/or

(d) is directly responsible to a general foreman or to his employer for efficiency and production on site;".

(6) Insert the following definitions between the definitions of "hourly wage" and "labourer, Grade I":

"'labour-only contract' means a contract, agreement, arrangement or understanding in terms of which a person undertakes to do work for which he is to be paid only for the provision of his own labour and/or that of his employees, if any, on conditions other than those laid down in clause 30, and where such person is not responsible for the payment to manufacturers or merchants who in the ordinary course of their business supply material to the Building Industry, in respect of all the material to be used in the execution of such work;

"'labour-only contractor' means a person who undertakes a labour-only contract;".

4. CLAUSE 5.—ADMINISTRATION OF AGREEMENT

Number the existing clause to be subclause (1), and insert the following subclauses:

"(2) The Council may, from time to time, prescribe any forms which may be required to be completed by employers and employees, in order to facilitate compliance with any of the provisions of this Agreement.

(3) (a) An employer or an employee shall have the right to appeal to the Council against a decision of the Council or to a committee appointed by the Council against a decision of that committee and shall also have the right to appeal to the Council against a rejection by a committee of an appeal to that committee.

(b) An appeal shall be made in writing to the Secretary within 14 days of the decision appealed against, or within such further period as the Council or committee may allow: Provided that an employer or employee who is unable to express himself easily in writing may have his appeal recorded in writing by the Secretary.

(c) The decision of the Council shall be final and binding on the employer or the employee, and the Council shall not be obliged to give any reasons for any decision."

(e) finale verflae onder die periodieke toesig van 'n ambagsman aanbring;

(f) vooraf gemonteerde luikvorms oprig en in posisie plaas, met inbegrip van kolombekisting wat met setmate, wie of klemme aanmekaargesit is;".

(2) In die omskrywing van "bou-assistent, klas II"—

(a) vervang item (4) deur die volgende:

"(4) by opknappingswerk—afstroop, blink vryf, opknop, en werk voordat dit deur 'n ambagsman geverf word;".

(b) in items (7) en (8), vervang die woord "Kenitex" deur die woord "tekstuurlae".

(3) In die omskrywing van "bevoegde persoon", voeg die woord "of" in aan die einde van paragraaf (b), en voeg die volgende paragrawe in:

"(c) die graad Baccalaureus Scientiae (Bouwetenskap) aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit behaal het of 'n graad wat deur die Departement van Nasionale Opvoeding van die Republiek van Suid-Afrika as gelykstaande met sodanige eersgenoemde graad erken word; of

(d) 'n diploma as siviele ingenieur-tegnikus behaal het of 'n sertifikaat as konstruksie-opsiener;".

(4) In die omskrywing van "ambagsman" in die beskrywing van die ambag "messelwerk", voeg die woorde in na die woord "rifvoegwerk;".

"die installering van vooraf vervaardigde steenpaneelmure op die terrein;".

(5) Voeg die volgende omskrywing in tussen die omskrywing van "noodwerk" en "algemene voorman":

"'voorman' 'n werknemer wat—

(a) in 'n toesighoudende hoedanigheid werksaam is, maar wat ook die werk van 'n ambagsman kan doen; en/of

(b) werk aan ander werknemers onder sy beheer en toesig uitdeel; en/of

(c) dissipline handhaaf; en/of

(d) regstreeks aan 'n algemene voorman of aan sy werk-gewer verantwoordelik is vir doeltreffendheid en produksie op die terrein;".

(6) Voeg die volgende omskrywings in tussen die omskrywings van "uurloon" en "arbeider, graad I":

"'slegs-arbeid-kontrak' 'n kontrak, ooreenkoms, reëling of verstandhouding waarvolgens 'n persoon onderneem om werk te doen en vir dié werk betaal te word slegs vir die verskaffing van sy eie arbeid en/of dié van sy werknemers, as daar is, op ander voorwaardes as dié in klousule 30 neergelê, en waarvolgens hy nie aan die vervaardigers of handelaars wat in die gewone loop van sake materiaal aan die Bounywerheid lewer verantwoordelik is vir betaling ten opsigte van al die materiaal wat vir die uitvoering van die werk gebruik sal word nie;

'slegs-arbeid-kontrakteur' iemand wat 'n slegs-arbeid-kontrak onderneem;".

4. KLOUSULE 5.—ADMINISTRASIE VAN OOREENKOMS

Nommer die bestaande klousule tot subklousule (1), en voeg die volgende subklousules in:

"(2) Die Raad kan van tyd tot tyd vorms voorskryf wat deur werkgewers en werknemers ingevul moet word ten einde die nakoming van hierdie Ooreenkoms te vergemaklik.

(3) (a) 'n Werkgewer of 'n werknemer het die reg om by die Raad te appelleer teen 'n beslissing van die Raad of by 'n komitee deur die Raad aangestel teen 'n beslissing van dié komitee en het ook die reg om by die Raad te appelleer teen 'n verwerping deur 'n komitee van 'n appèl op dié komitee.

(b) 'n Appèl moet binne 14 dae ná die beslissing waarteen geappelleer word skriftelik aan die Sekretaris gerig word, of binne sodanige verdere tydperk as wat die Raad of die komitee goedkeur: Met dien verstande dat 'n werknemer of 'n werknemer wat homself nie maklik op skrif kan uitdruk nie sy appèl skriftelik deur die Sekretaris kan laat aanteken.

(c) Die Raad se beslissing is finaal en bindend vir die werk-gewer of die werknemer, en die Raad is nie verplig om redes vir 'n beslissing te verstrek nie."

5. CLAUSE 10.—ENGAGEMENT OF EMPLOYEES

(1) Substitute the following for the heading to this clause:

**"10. ENGAGEMENT OF EMPLOYEES AND
EMPLOYMENT OF MINORS".**

(2) Insert the following subclauses:

"(3) No person under the age of 15 years shall be employed in the Building Industry.

(4) No payment shall be made to or be accepted by an employer, either directly or indirectly, in respect of the employment or training of an employee: Provided that the provisions of this subclause shall not apply in respect of any payments made to an employer by the fund referred to in clause 64."

6. Substitute the following for clause 11:

**"11. EMPLOYMENT OF BUILDING ASSISTANTS
CLASS I**

(1) No employee other than a craftsman, foreman, general foreman, apprentice, trainee or employee for whom wages are prescribed in clause 30 (1) (i) shall undertake any one or more of the operations mentioned in the definition of "building assistant, Class I", and no employer shall require or permit any employee, other than a craftsman, foreman, general foreman, apprentice, trainee or employee for whom wages are prescribed in clause 30 (1) (i) to perform any one or more of the operations mentioned in the definition of "building assistant, Class I," unless such employer—

(a) has obtained a licence of exemption for such employee from the Council, permitting such employee to be employed as a building assistant, Class I; and

(b) has obtained written permission from the Council, authorising the employment of such employee as a building assistant, Class I,

in the manner prescribed in subclause (2).

(2) An application to employ a building assistant, Class I, shall be made by an employer in such form as may be determined by the Council from time to time, and such employer shall furnish such information in respect of such employee, and other employees in his employ, as may be required by the Council.

(3) The Council shall have the right to determine, from time to time, the ratio of craftsmen to building assistants, Class I, which any employer may be permitted to employ in each trade, and may refuse to grant any applications made in accordance with the provisions of subclause (2), which would result in such ratios being exceeded.

(4) Except as otherwise provided in subclauses (5) and (6), a licence of exemption issued to an employee and the written permission granted to his employer in accordance with the provisions of this clause, shall remain valid in respect only of the period during which such employee is employed by that employer, and shall lapse when such employment is terminated.

(5) (a) A licence of exemption issued to an employee in terms of this clause shall be retained by him in his possession at all times whilst he is so employed, and such employee shall—

(i) on being requested to do so by an agent, produce such licence of exemption to the agent;

(ii) on being requested to do so by the Council, surrender such licence of exemption to the Council.

(b) The written permission granted to an employer in terms of this clause shall be retained by him in his possession at all times whilst the employee is so employed, and such employer shall—

(i) on being requested to do so by an agent, produce such written permission to the agent;

(ii) on being requested to do so by the Council, surrender such written permission to the Council.

(6) The Council shall have the power to amend, revoke or withdraw a licence of exemption or written permission issued in terms of this clause, and in such circumstances the council's decision shall be final."

7. CLAUSE 12.—REGISTRATION OF CRAFTSMEN

Substitute the following for subclause (8):

"(8) Notwithstanding anything to the contrary in this clause, no person who is in terms of any determination made by the Minister in terms of section 77 of the Act or by virtue of the Black Building Workers Act, 1951, prohibited

**5. KLOUSULE 10.—INDIENSNEMING VAN
WERKNEMERS**

(1) Vervang die opskrif van hierdie klousule deur die volgende:

**"10. INDIENSNEMING VAN WERKNEMERS EN
MINDERJARIGES".**

(2) Voeg die volgende subklousules in:

"(3) Geen persoon wat jonger as 15 jaar is, mag in die Bounwyerheid in diens geneem word nie.

(4) Geen bedrag ten opsigte van die indiënsneming of opleiding van 'n werknemer mag regstreeks of onregstreeks aan 'n werkgever betaal of deur hom aangeneem word nie: Met dien verstande dat hierdie subklousule nie van toepassing is op enige betalings aan 'n werkgever deur die fonds wat in klousule 64 bedoel word nie."

6. Vervang klousule 11 deur die volgende:

**"11. INDIENSNEMING VAN BOU-ASSISTENTE,
KLAS I**

(1) Geen werknemer, uitgesonderd 'n ambagsman, voorman, algemene voorman, vakleerling, kwekeling of werknemer vir wie lone in klousule 30 (1) (i) voorgeskryf word, mag een of meer van die werksaamhede onderneem wat in die omskrywing van 'bou-assistent, klas I' genoem word nie, en geen werkgever mag van 'n werknemer, uitgesonderd 'n ambagsman, voorman, algemene voorman, vakleerling, kwekeling of werknemer vir wie lone in klousule 30 (1) (i) voorgeskryf word, vereis of hom toelaat om een of meer van die werksaamhede te onderneem wat in die omskrywing van 'bou-assistent, klas I' genoem word nie, tensy sodanige werkgever op die wyse in subklousule (2) voorgeskryf—

(a) 'n vrystellingsertifikaat vir sodanige werknemer van die Raad verkry het wat dié werknemer toelaat om as bou-assistent, klas I, in diens geneem te word; en

(b) van die Raad skriftelike toestemming verkry het om sodanige werknemer as 'n bou-assistent, klas I, in diens te neem.

(2) Aansoek om 'n bou-assistent, klas I, in diens te neem, moet deur 'n werkgever in sodanige vorm gedoen as wat die Raad van tyd tot tyd besluit, en so 'n werkgever moet sodanige inligting ten opsigte van dié werknemer, en ander werknemers in sy diens, verskaf as wat die Raad vereis.

(3) Die Raad het die reg om van tyd tot tyd die getelsverhouding tussen ambagsmanne en bou-assistente, klas I, te bepaal wat 'n werkgever in elke ambag in diens mag neem, en hy kan weier om 'n aansoek ooreenkomstig subklousule (2) ingedien, toe te staan wat daartoe kan lei dat dié getelsverhouding versteur word.

(4) Behoudens subklousules (5) en (6), bly 'n vrystellingsertifikaat wat aan 'n werknemer uitgereik word en die skriftelike toestemming wat ooreenkomstig hierdie klousule aan sy werkgever toegestaan word, geldig ten opsigte van slegs die tydperk wat sodanige werknemer by dié werkgever in diens is en verval dit wanneer dié diens verstryk.

(5) (a) 'n Werknemer aan wie 'n vrystellingsertifikaat ingevolge hierdie klousule uitgereik is, moet dit altyd in sy besit hou terwyl hy aldus in diens is, en so 'n werknemer moet—

(i) as hy deur 'n agent daartoe versoek word, dié vrystellingsertifikaat aan die agent toon;

(ii) as hy deur die Raad daartoe versoek word, dié vrystellingsertifikaat aan die Raad afstaan.

(b) 'n Werkgever aan wie 'n skriftelike verlofvorm ingevolge hierdie klousule toegestaan is, moet dit altyd in sy besit hou terwyl die werknemer aldus by hom in diens is, en so 'n werkgever moet—

(i) as hy deur 'n agent daartoe versoek word, dié skriftelike verlofvorm aan die agent toon;

(ii) as hy deur die Raad daartoe versoek word, dié skriftelike verlofvorm aan die Raad afstaan.

(6) Die Raad het die bevoegdheid om 'n vrystellingsertifikaat of skriftelike verlofvorm wat ingevolge hierdie klousule uitgereik is, te wysig, te herroep of te kanselleer, en in so 'n geval is die Raad se beslissing finaal."

**7. KLOUSULE 12.—REGISTRASIE VAN
AMBAGSMANNE**

Vervang subklousule (8) deur die volgende:

"(8) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule, mag geen persoon wat ingevolge 'n vasstelling deur die Minister gemaak kragtens artikel 77 van die Wet of uit hoofde van die Wet op Swart Bouwerkers, 1951, verbied word om

from performing the operations set out in the definition of "craftsman" shall be registered as a craftsman, unless exemption has been granted by the Minister permitting of his employment on such work."

8. Substitute the following for clause 13:

"13. PROHIBITED EMPLOYMENT

(1) (a) No employer shall require or permit any person, other than a registered labour-only contractor or craftsman, or a foreman, general foreman, apprentice, trainee, or employee for whom wages are prescribed in clause 30 (1) (i), to be employed on any one or more of the operations mentioned in the definition of "craftsman": Provided that, subject to the provisions of clause 11, a building assistant, Class I, may perform such operations to the extent set out in the definition of "building assistant, Class I".

(b) No employer shall require or permit any person, other than a registered labour-only contractor or craftsman, or a foreman, general foreman, apprentice, trainee or employee for whom wages are prescribed in clause 30 (1) (i), to be employed on any one or more of the operations mentioned in the definition of "building assistant, Class I," unless such employer has been permitted by the Council, in the manner prescribed in clause 11, to employ such person to perform such operations.

(2) (a) No person, other than a registered labour-only contractor or craftsman, or a foreman, general foreman, apprentice, trainee or employee for whom wages are prescribed in clause 30 (1) (i), shall be employed on any one or more of the operations mentioned in the definition of "craftsman": Provided that, subject to the provisions of clause 11, a building assistant, Class I, may perform such operations to the extent set out in the definition of "building assistant, Class I".

(b) No person, other than a registered labour-only contractor or craftsman, or a foreman, general foreman, apprentice, trainee or employee for whom wages are prescribed in clause 30 (1) (i), shall be employed on any one or more of the operations mentioned in the definition of "building assistant, Class I," unless his employer has been permitted by the Council, in the manner prescribed in clause 11, to employ him to perform such operations.

